LAMBERTSBAAI KREEF EN KULTUURFEES
18 – 20 Maart 2011

Verhuringsooreenkoms
aangegaan tussen

Die Lambertsbaai Kreef en Kultuurfees Komitee
"die Komitee"

En

_____

"die Huurder"

1. AANHEF

Die Komitee bied aan om afgemerkte terrein spasie, geskik vir die uitstal, bemarking, en verkoop van goedgekeurde produkte ("die Stalletjie") aan die Huurder te verhuur na ontvangs van 'n volledig ingevulde aansoekvorm (sien Aanhangsel 'A') en ontvangs van die volle verhuringsbedrag, vir die tydperk soos uiteengesit in klousule 4 hieronder en die Huurder bied aan om die genoemde Stalletjie van die Komitee te huur vir bogenoemde tydperk onderhewig aan die bepalings van hierdie ooreenkoms, derhalwe kom die Komitee en die Huurder as volg ooreen:

2. STALLETJIES

2.1 Ligging

Malkopbaai Karavaanpark, Lambertsbaai ("die Terrein").

2.2 Tipe Stalletjies en Koste

Die volgende tipes Stalletjies is beskikbaar teen die gemelde pryse:

Enkel Stalletjie (ongeveer 4m x 8m in grootte), elektriese krag aansluiting en 2 Toegangskaartjies vir die volle tydperk soos beskryf in klousule 4 teen 'n koste van tussen

R 700.00; R 900.00; R 1200.00 & R 2 000.00 - Sien aanhegsel A "Terreinplan"

Dubbel Stalletjie (ongeveer 8m x 8m in grootte), elektriese kragaansluiting en 4 Toegangskaartjies vir die volle tydperk soos beskryf in klousule 4 teen 'n koste van tussen

R 1400.00; R 1800.00; R 2400.00 & R 3 500.00 - Sien aanhegsel A "Terreinplan"

Ongeag die hoeveelheid Stalletjie personeel wat gebruik word sal **geen** addisionele toegangskaartjies verskaf word nie. Addisionele personeel moet met aankoms die volle **toegangsgelde betaal** vir die feesdae (18,19,20 Maart 2011).

3. ALGEMENE BEPALINGS

3.1 Fasiliteite

Die volgende fasiliteite sal tot die beskikking van die Huurder gestel word:

Kragpunte onderhewig aan:

- **Geen drie fase krag nie**;
- Beperk tot 5 ampere per Enkel Stalletjie en 10 ampere per Dubbel Stalletjie; Enkel stalletjies deel een kragpunt met 'n dubbel kragprop (bring eie saam)
- **Slegs 1 (Een) elektriese apparaat** per kragpunt ten alle tye;
- Huurders voorsien eie verlengingskoord en toebehore; en

- Alle verleningskoorde, toebehore en elektriese toestelle sal ten alle tye in 'n goeie werkende toestand wees.

- Die fees komitee sal GEEN verantwoordelikheid aanvaar indien stalletjie houers hul kragverbruik oorskry en die krag laat uitskakel nie. Dus, indien die kragpunt oorlaai word, is dit nie die komitee se plig om dit uit te sorteer nie.

- Indien u dus meer as een elektriese apparaat het, MOET **gas** gebruik word.

Stortgeriewe is beskikbaar slegs vanaf 01:00 tot en met 08:00 op Feesdae.

3.2 Sekuriteit

Die Komitee sal redelike stappe neem om die veiligheid van die Stalletjies te bewerkstellig tydens die Feesdae;

Die Huurder onderneem om te verseker dat sy of haar personeel ten alle tye die identifikasie dokument, uitgereik deur die Komitee, op hulle persoon dra; en

Die Komitee behou die reg voor om roetine inspeksies uit te voer ten einde te verseker dat die bepalings van hierdie ooreenkoms nagekom word en die Huurder onderneem om Komitee lede in besit van amptelik Komitee identifikasie dokumente onverhinderde toegang tot die Stalletjie te gee.

3.3 Higiëne

Die Huurder onderneem om alle gesondheid- en veiligheidsregulasies soos neergelê deur die plaaslike owerhede ten alle tye streng na te kom en om beheer uit te oefen oor Stalletjie personeel ten einde te verseker dat sulke Stalletjie personeel se optrede ten alle tye onberispelik is.

3.4 Toegang tot die terrein

Hekke open op **17 Maart 2011** om 07:00 vir opslaan van die Huurder se Stalletjie;

Die Huurder sal die Terrein ontruim teen 12:00 op **21 Maart 2011** en die Stalletjie sal opgeruim en skoon wees;

Geen voertuie, vir watter doel ook al, sal na 08:00 in die oggend op die Terrein toegelaat word tydens Feesdae nie en enige vervoer van goedere na en van die Stalletjie op Feesdae sal slegs tussen die ure van 07:00 en 08:00 toegelaat word.

NB!! GEEN stalletjie mag voor Sondag, 20 Maart om 17:00 af gebreek word nie.

4. TYDPERK

Die Verhuringsooreenkoms is geldig vir die tydperk vanaf **17 Maart 2011** tot en met **21 Maart 2011** en die tydperk vanaf **18 Maart 2011 om 12:00** tot en met **20 Maart 2011 om 17:00** sal as "die Feesdae" bekendstaan.

Indien u voor die **17de Maart 2011** op die feesterrein wil kampeer en na die **21ste Maart 2011** vertrek sal 'n bedrag van **R 100.00** per dag gehef word.

5. VOORWAARDES EN VRYWARING

5.1 Keuring

Die Komitee behou die reg voor om enige aansoek aan 'n keuringsproses te onderwerp, asook die reg om enige aansoek af te keur sonder enige verpligting om die aansoeker van redes vir sodanige afkeuring te voorsien.

5.2 Voorwaardes

Die Huurder onderneem om die bepalings van hierdie ooreenkoms:

Te bestudeer;

Te alle tye gedurende die tydperk van verhuring terwyl teenwording op die Terrein in besit van 'n afskrif van die ooreenkoms te wees; en

Die bepalings van die ooreenkoms getrou na te kom.

5.3 Uitsetting

Die Komitee behou die reg voor om enige Huurder wat hom of haarself skuldig maak aan 'n oortreding van die bepalings van hierdie ooreenkoms, permanent vanaf die Terrein te verwyder en die Komitee aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige skade gely deur die Huurder as gevolg van sodanige verwydering.

In geval van 'n verwydering soos genoem in 5.3 hierbo, sal geen terugbetaling van die verhuringsfooi gemaak word nie.

5.4 Vrywaring

Die Huurder en enige persone verwant aan die Huurder wat die Terrein en die Stalletjie betree doen so op hulle eie risiko en die Komitee, hulle agente en verteenwoordigers aanvaar hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir enige verlies of skade gely, wat ook al die aard daarvan en hoe ook al onstaan, deur sulke persone as gevolg van hulle betreding en gebruik van die Terrein en die Stalletjie.

Ten spyte van die bepalings van klousule 3.2 vrywaar die Huurder die Komitee teen enige eise wat teen die Komitee ingestel mag word deur enige party voortspruitend uit die verhuring van die Stalletjie aan die Huurder en voortspruitend uit die gebruik van die Stalletjie deur die Huurder.

6. BETALING

6.1 Die volledige verhuringsbedrag is betaalbaar binne 7 (sewe) dae nadat die Huurder in kennis gestel is dat sy of haar aansoek toegestaan is;

6.2 Versuim om die volledige verhuringsbedrag te betaal binne die tydperk genoem in 6.1 kan lei tot kansellasie van die Verhuringsooreenkoms in welke geval die Komitee geregtig sal wees daarop om enige skade gelei deur die Komitee as gevolg van sodanige versuim van die Huurder te verhaal;

6.3 Die Komitee sal nie aanspreeklik wees vir enige skade, van watter aard ook al en ongeag hoe sulke skade onstaan het, sou die Verhuringsooreenkoms gekanselleer word in terme van klousule 6.2.

6.4 Betaling moet gedoen word na die volgende bankrekening en bewys van betaling moet per faksimilee gestuur word na (027) 432 2335:

Bank:	Standard Bank Lambertsbaai
Tipe rekening:	Lopende rekening (Tjek)
Rekening houer:	Lambertsbaai Kreef en Kultuurfees
Rekening nommer:	083 005 498
Takkode:	050 206
Verwysing	Stalletjie nommer

6.5 Tjekbetalings word aanvaar en tjeks moet uitgemaak word aan: Lambertsbaai Kreef en Kultuurfees.

7. ALGEMEEN

Geen onderverhuring van Stalletjies sal toegelaat word nie;

7.1 **Geen troeteldiere** sal op die Terrein toegelaat word nie;

7.2 **Geen hulp** word verleen vir die oprigting of afbreek van Stalletjies nie;

7.3 Die Komitee aanvaar geen verantwoordelikheid vir die handhawing van konsessieregte tussen Huurders nie; en

7.4 **Geen verblyf of vervoer word verskaf nie**.

7.5 **Geen tentpale of oorh**ange mag oor die lyne steek of staan nie.

7.6 Die **straat moet ten alletye skoon en vry wees** van verkoopartikkels en advertensie borde.

7.7 **Geen Produkte of dienste anders as genoem in aanhangsel A no.4 mag verkoop word nie**.

7.8 **GEEN stalletjie mag voor Sondag, 20 Maart om 17:00 af gebreek word nie.**

AANHANGSEL "A" – AANSOEKVORM

1. HANDELSNAAM: _____
(*Soos u bekend wil staan op stalletjie plan en aan publiek)*

2. BESONDERHEDE VAN KONTAK PERSOON: (Voltooi asb. volledig)

Voornaam en Van: _____

E-pos / Posadres: _____

Tel. (W) _____ (H) _____ (Sel) _____ (Faks) _____

Alternatiewe kontak: _____

3. TIPE STALLETJIE VERLANG:

[ ] Enkel Stalletjie [___] Aantal verlang Bedrag R_____

[ ] Dubbel Stalletjie [___] Aantal verlang Bedrag R_____

Totaal R_____

4. VOLLEDIGE BESKRYWING VAN PRODUKTE EN DIENSTE

_____

_____

_____

5. VOERTUIGBESONDERHEDE VIR PARKEERSKYFIE:

Fabrikaat _____ Model _____ Registrasie Nr. _____

6. HUURDER EN PERSONEEL BESONDERHEDE:

6.1 ENKEL STALLETJIE

1. Naam en Van _____, ID _____
2. Naam en Van _____, ID _____

ADDISIONELE PERSONEEL (WAT TOEGANSFOOI MOET BETAAL)

Naam en Van _____, ID _____

Naam en Van _____, ID _____

Naam en Van _____, ID _____

6.2 DUBBEL STALLETJIE

1. Naam en Van _____, ID _____
2. Naam en Van _____, ID _____
3. Naam en Van _____, ID _____
4. Naam en Van _____, ID _____

ADDISIONELE PERSONEEL (WAT TOEGANSFOOI MOET BETAAL)

Naam en Van _____, ID _____

Naam en Van _____, ID _____

Naam en Van _____, ID _____

Naam en Van _____, ID _____

7. KONTRAK:

NAMENS DIE HUURDER:

Ek, _____, die AANSOEKER / GEMAGTIGDE PERSOON aanvaar die bepalings van hierdie ooreenkoms en onderneem om genoemde bepalings ten alle tye na te kom.

Naam _____, Datum _____, Plek _____

Geteken _____

Getuie 1 _____

Getuie 2 _____

NAMENS DIE KOMITEE:

Naam _____, Datum _____, Plek _____

Geteken _____

Getuie 1 _____

Getuie 2 _____